

Lekkerbekkie Nuusbrief

4 MAART 2015 | UITGAWE 90



Inhoud:

- * Kinderstorie: Daantjie Deurmekaar (deur Corlie Putter)
- * Produk van die week: Bekende Afrikaanse sprokies
- * Inkleurprentjie: Daantjie Deurmekaar

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Daantjie Deurmekaar deur Corlie Putter

Daantjie Deurmekaar is 'n slordige seuntjie. Sy hare en sy klere en sy kamer is altyd deurmekaar. Maak nie saak hóé baie kere sy mamma hom vra om op te ruim nie, hy kry dit net nie reg nie. Hy hou van deurmekaar!

Een oggend sit Daantjie verveeld op die stoep, en dan sien hy sy hondjie by die huis ingaan. "Waarheen gaan jy?" vra Daantjie, maar die hondjie waai net sy stertjie opgewonde en blaf vir hom om saam te kom. Die hondjie draf deur die huis en met die trappies op tot in die solder. Die solder is vol ou goed, en hondjies hou daarvan om tussen ou goed rond te snuffel.

Terwyl die hondjie rondsnuffel en aan 'n ou skoen begin kou, kyk Daantjie om hom rond. Dis donker op die solder en alles is stowwerig. Maar wat sien hy nou? Daar in die hoekie is iets wat vir hom loer! Hy hou sy asem op en stap voetjie vir voetjie nader om beter te sien. Die volgende oomblik spring die ding uit die hoek en Daantjie se oë rek groot! Dis 'n besem!

"Kyk hoe stowwerig is jou klere, Daantjie Deurmekaar!" raas die besem, en sy raps vir Daantjie op sy boud dat die stof so trek! "En kyk hoe deurmekaar is jou hare!" roep die besem weer, maar díe keer spring Daantjie betyds uit die pad vóór sy hom weer kan piets.

Die hondjie lê soos hy lag vir die kwaai besem wat so met Daantjie raas! Hy vergeet skoon om aan die skoen te kou. 'n Besem wat kan praat en piets het hy nog nooit gesien nie!

Nou kry Daantjie Deurmekaar 'n slim plan. "Sal jy asseblief my kamer vir my uitvee, Besem?" vra hy.

"Met graagte!" roep die besem opgewonde en hop by die solder uit. Daantjie en die hondjie draf nuuskierig agterna. In die kamer is die besem klaar besig om op te ruim. Sy werk so vinnig! Sommer gou is alles silwerskoon. Daar lê nêrens vuil kouse rond nie, die speelgoed is afgestof en weggepak, en die bed is netjies opgemaak!

Die besem glimlag trots, maar dan nies sy skielik hard. Sy nies só hard dat sy per ongeluk die speelgoedkis omstamp. Al die speelgoed val uit op die vloer! Weer nies die besem, en daar stamp sy die bedlampie om! Die besem nies en nies. Sy val oor die wasgoedmandjie en stamp dit onderstebo... en daar lê al die vuil klere nou weer op die vloer.

"Ai tog, ek het vergeet," sug die besem. "Stof laat my nies."

"Dan moet jy beslis van nou af net hier in my kamer bly!" lag Deurmekaar Daantie opgewonde en klap sy handjies bly. "Want dan kan jy elke keer ná jy my kamer opgeruim het weer begin nies. En as jy nies, maak jy alles weer net soos ek daarvan hou – DEURMEKAAR!"

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Groot versameling Afrikaanse sprokies op CD!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

In 2011 het Anna Emm al die ou geliefde, bekende Afrikaanse sprokies nadergetrek, afgestof, en oorgeskryf in haar eie unieke kindertaal. Hierdie stories is modern, kindervriendelik, en propvol Anna se komiese dialoog en snaaksighede. Mamma en Pappa sal net so lekker saamluister na “Die drie varkies”, “Gouelokkies”, “Die gemmerbroodmannelietjie”, “Drie rammetjies rof”... en vele meer! Die vier CD's bevat ses lekkerluister stories elk – vier-en-twingtig in totaal! En hierdie week kan jy dit aankoop teen die verminderde prys van slegs R90 per CD, of R350 vir die stel (gewone prys R110 elk). Die aanbod is beskikbaar by Anna Emm agente landswyd. Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area, of bestel die produkte teen die volprys direk by ons kantore.

Al die bekende Afrikaanse sprokies op CD!



CD1:

1. Die drie varkies
2. Die gemmerbroodmannelietjie
3. Die goue gans
4. Drie rammetjies rof
5. Rooikappie
6. Die paddaprins

CD2:

1. Gouelokkies
2. Die musikante van Bremen
3. Die koning se nuwe kleres
4. Die prinses en die ertjie
5. Die ses diensknegte
6. Die gestewelde kat

CD3:

1. Repelsteeltjie
2. Die dapper kleremakertjie
3. Raponsie
4. Die wolf en die bokkies
5. Dommerik
6. Klein Duimpie

CD4:

1. Jan en die boontjerank
2. Hoekom die see so sout is
3. Die skoenmaker en die elfies
4. Die drie dommies
5. Doringrosie
6. Die tonteldoos

Spesiale aanbod:

Koop enige CD vóór 9 Maart @ slegs R90 elk of al vier @ R350!

Gewone prys R110 elk. Geldig tot 9 Maart

annaemm
kinderstories

Kontak 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area!

Aanbod sluit 2 Maart 2015.

Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Deurmekaar Daantjie illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za